

KOMMUNIKAMMA



Teks vir die week *Jes53:5 "Oor ons oortredings is Hy deurboor, oor ons sondes is Hy verbrysel, die straf wat vir ons vrede moes bring, was op Hom, deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom."*

SAKE VIR GEBED

Valerie du Preez se ma is in die hospitaal.

Luther Landman se pa is in die hospitaal.

Johan Robbertse wat herstel na 'n groot operasie.

**Ons bid vir vertroosting vir almal wat treur oor geliefdes wat hulle aan die dood moes afstaan. Mag God vir julle toevou in Sy liefde.

**Bid vir ons bejaardes wat siek, swak en eensaam is.

**Bid vir die Here se seën op ons KERMIS 1 Mei. Bid vir 'n mooi dag en baie voete.

**Bid vir Janine Coetzee en die dames wat eersdaags na Irak vertrek. Bid vir hul gesondheid en dat die bagasie probleem opgelos sal word. Vra ook dat al die voorbereidings glad sal verloop en dat die Here dit sal seën.

**Hierdie week is Groot Lydensweek. Ons bid dat mense opnuut sal besef wat dit beteken. Ons dra elke gemeentelid aan die Here op en vra dat Hy ons harte opnuut sal aanraak.

Gebed vir die verkiesing op 8 Mei 2019

God van medelye en hoop, U wat oor alle aardse regeerders troon, lei die burgers van Suid-Afrika wat eersdaags leiers verkies.

Ons bid dat die politieke partye hul planne eerlik en helder sal kommunikeer, dat die kiesers hulle stemme in veiligheid en met vertroue kan uitbring, en dat diegene verantwoordelik vir die verkiesing effektief sal wees om te verseker die uitslag word deur almal aanvaar.

Ons bid dat die nuwe regering ondersteuning sal geniet terwyl hulle een nasie bou waarin almal hulle gawes kan beoefen om by te dra tot gemeenskaplike voordeel.

Ons bid dit in die Naam van Jesus Christus.

Amen

SONDAG 14 APRIL 2019

08:30 Eietydse diens - Paassangdiens

09:45 Kategese

10:00 Klassieke diens

Die deurdankoffer is vir CMR

Teebeurt vandag: St Joseph sel

Volgende naweek: Geen teebeurt as gevolg van langnaweek

GROOT LYDENSWEK TOT PAASNAWEEK

15-21 APRIL 2019

Ons gaan in hierdie tyd stilstaan by Jesus se lyding, kruisiging en opstanding uit Joh 18-20.

Die eredienstye en skrifgedeeltes is soos volg:

Datum	Teksvers
Maandag 15 April (09:00 en 18:30)	Joh 18:1-14, 19-24; 28-40
Dinsdag 16 April (09:00 en 18:30)	Joh 18:15-18; 25-27
Woensdag 17 April (09:00 en 18:30)	Joh 19:1-16
Donderdag 18 April (18:30 Nagmaal)	Joh 19:17-27
Goeie Vrydag 19 April (09:00)	Joh 19:28-42
Paasfees, Sondag 21 April (09:00)	Joh 20:1-22

Deurdankoffer by die Week van Gebed gaan vir Wêreldsending.

BLOUWATERBAAI FAMILIEKERK 14 APRIL

Ons hou **Paassangdiens vanaand om 18:30 vir 19:00** by Blouwaterbaai NG gemeente. Daar sal orkesmusiek, kore en solo's wees en beloop om baie mooi en geseënd te wees.

MAANDAG 15 APRIL

12:45 Gebedskild in die gebedskamer

VRYDAG 19 MANNEBYEENKOMS

Daar is eerskomende Vrydag nie mannebyeenkoms nie.

SONDAG 21 APRIL PAASSONDAG

09:00 Gesamentlike diens in die kerkgebou. Bring asb blomme as teken van nuwe lewe saam en kom sit dit op die tafel voor in die kerkgebou. Na afloop van die diens moet jy asb jou blomme gaan gee vir iemand wat dit nodig het.

Dr DEON MET VERLOF

Deon is van 17-29 April met verlof. Indien jy in hierdie tyd 'n dominee benodig, kontak asb MG. Liesel verjaar op 25 April. Ons wens haar geluk en bid vir hulle die seën van die Here toe.

Baie geluk aan ds MG wat Saterdag 13 April verjaar het.

MUSIEK TRIVIA AAND (deel van geesbou en fondsinsameling vir kermis)

Saterdag 27 April 2019 om 18:00 in ons kerksaal.
R60-00 per persoon (Tafels van 8)

Kontak Niekie Oosthuizen by 041-360 1484 in die oggend of 082 561 8747.

Bring jou piekniekmandjie en drinkdingetjie en maak jou hare bietjie los.

AWESOME pryse op die spel.

KERMIS WOENSDAG 1 MEI 2019

WAT GAAN DIE KERMIS LAAT WERK?

Jou gebed

Bid asseblief getrou vir die Here se seën op die kermis.

Jou betrokkenheid

Uit dankbaarheid vir ons verlossing, kan ons nie anders as om die Here te dien nie. Kom ons dien Hom saam met ons entoesiasme en gawes. Merk op die kermislys by watter tafel jy/julle betrokke wil wees.

Jou bydrae

Toon asseblief ook op die kermislys aan waar jy 'n bydrae wil lewer.

*****Die koffiewinkel is asb op soek na mooi en lekker koeke, asook langlewe melk.**

Kontak Dossie by 082 957 6084.

*****Vetkoektafel soek asb hulp met gaarmaak van maalvleis. Kontak Lucian by 082 773 3325.**

*****Potjiekos kort nog lekker potjies asb.**

Kontak Rudi by 082 567 6224.

*****Kleinkoekies en beskuit is asb op soek na baksters, asook beskuit en kleinkoekies.**

Kontak Sonja by 084 516 4925.

VERBETERINGE AAN DIE KERKGEBOU

Die 1ste fase van verbetering aan die kerkgebou sluit die bou van 'n verhoog, verbetering aan die moederskamer en klank in. Een kontrakteur het getender. Die dagbestuur vergader weer op Dinsdag 23 April om reëlings te finaliseer. Daar word beplan dat die bouwerk tydens die Junie/Julie vakansie gedoen sal word. Terwyl die bouwerk gedoen word, sal alle eredienste in die saal plaasvind.

GOD'S KAROO WOMEN

Willowmore Skougronde op 2 & 3 November 2019

Sprekers: Danie Botha en Liesel Krause Wiid

Tema: God's Light through my brokenness

Registrasie: Aanlyn by www.godskaroowomen.co.za (R250.00)

E-Pos: godskaroo@gmail.com Tel: 071 398 6397.

Imagine Kidz is weer hier! Al die maats van gr R tot gr 7 is welkom om gedurende 24-28 Junie 2019 te kom deel in die pret. Op hierdie stadium is ons dringend opsoek na Groepleiers (Gr 8 tot Gr 12) en ook Stasieleiers (volwassenes). Indien jy deel wil wees van hierdie opwindende week, kontak Petru Vlok by 083 522 9880

Dankie

Ons wil net vir almal se betrokkenheid by ons na Annatjie se ongeluk, baie dankie sê.

Dankie vir almal wat kom kuier, gebel het, asook vir die lekker etes wat julle voorsien het.

Bowenal, baie dankie vir al julle gebede.

Ons waardeer julle. *Philip en Annatjie*

BESOEK AAN CALA

Een van die bedieninge wat ons gemeente maandeliks finansieël ondersteun is Cala gemeente. Ds Derik Myburgh is daar predikant. Ons wil die naweek van 10-12 Mei by hulle gaan kuier. As jy wil saamgaan, kontak Giel Meyer by 082 873 9844.

ASEMSKEP HUWELIKSVERRYKINGSNAWEEK

Ons beplan 'n gemeente huweliksverrykingsnaweek van 4-6 Oktober by Eersterivier.

Ds Jan Coetzee en sy vrou, Elbi, wat by Sionsrand gemeente was, gaan die naweek lei. Deel van die naweek is om te gaan stap. (Jy hoef nie fiks te wees nie, maar jy moet kan stap) Belangstellende egpare kan Roenel van Rooyen by sel: 083 388 5357 skakel.

HULP AAN MOSAMBIEK

Llewellyn Olivern en Gabriel Chiboto, dominees van Mosambiek, het twee weke gelede die vloedgeteisterde gebied van Buzi en Beira besoek. Die verhale van verwoesting van sikloon Idai wat hulle vertel, kan geen mens onaangeraak laat nie. Maande van voedsel- en watertekorte, asook siektes, lê vir baie mense en veral kinders voor.

Daar is 'n dringende nood vir skoon water, kos, klere, medisyne, boumateriaal, diere en saad vir die volgende plantseisoen.

Indien u 'n finansiële bydrae wil maak vir die nood in Mosambiek, kan u dit tot die einde van April by ons kerkkantoor inbetaal. Dui asb net duidelik aan dat dit vir Mosambiek is.

Ons sal 'n oorbetalings maak aan 'n noodfonds vir die slagoffers. Indien u die besonderhede van die noodfonds wil hê, kontak asb met die kerkkantoor.



Gebruik SnapScan en betaal jou:
Dankoffer
Maandelikse Bydrae
Donasie, ens..